27 Maart LAAT ONS SAAM LY

For an updated list of lecturers and students follow this link: Students / Lecturers

Vir donasies: Bankgegewens
HEFSIBA
Bank: ABSA Lynnwoodrif Pretoria
Takkode; 333-845
Rek nr. 14-2015-5464

Liewe Vriende,

Toe ek verlede Sondag in die 4 uur lange diens by Chimwala moes preek, het ek gely. Die rede? Ek was reeds deurtrek van die malaria, was swak en koorsig en wou net he alles moet verbykom. Die kore, die voorstelling van lidmate en kerkraadslede en die doop van grootmense en kinders het alles net formalisties geword - die vreugde was nie daar in nie. My preektema? Laat ons in hierdie Paastyd saam met Christus ly. Die gelese gedeelte was Openbaring 12, die verhaal van die draak en die Kind en die vrou en die se nakomelinge. Die klem was op vs 17: "Die draak was woedend oor die vrou en hy het weggegaan om oorlog te maak teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het." Die vrou synde dan die kerk en ons die nakomelinge. Die draak is nog springlewendig aan die gang en probeer dit vir ons so moeilik maak as moontlik. Dit neem verkillende vorms aan: vervolgings, haatspraak, valse beskuldigings, sosiale isolering ens. En, dog ek by myself - siektes soos malaria. Dit ontneem jou alle vreugde, maak jou knorrig en depressief en jy't geen lus vir g'n mens se geselskap nie - ook nie God s'n nie... jy voel jy wil dood gaan - soos 'n Paulus voel jy dat dit beter is om jou te verenig met jou hemelse Vader...

Tog was dit goed. Ek het dit my laat welgeval dat kollegas, die plaaslike leraar en studente vir my kom bid en het net weer 'n eindelose deernis gekry vir mense wat onder malaria ly en nie sulke goeie versorging as ek te beurt val nie (Daar word bereken dat daar tussen 350 en 500 miljoen gevalle per jaar wereldwyd is en dat daar tussen 1 - 3 miljoen mense jaarliks daaraan sterf - veral kinders in sub-Sahara Afrika.) Omtrent al ons inheemse dosente hier by HEFSIBA het onlangs malaria gehad - ds Timoteo het pas van 'n ernstige aanval herstel. Ons gebedsversoeke by ons Preeksessies elke middag 14h00 word oorheers deur malariagevalle van studente, hulle vrouens en die se kinders...

Mag julle 'n geseende Paasfees ervaar en mag julle bereid wees om opnuut te verklaar dat julle bereid is om saam met Jesus te ly - watter lyding dit ook mag vra. Onthou, selfs Jesus het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het. (Heb.5:8). Die wonder is vervat in Romeine 8:17: "Aangesien ons deel het aan Sy lyding, sal ook deel he aan Sy heerlikheid." Onthou ook Openbaring 2:10 "Vrees vir niks wat julle sal ly nie."

MENSE WAT AAN HIV EN VIGS EN DIE GEVOLGE VAN VERKRAGTING LY

Janet Guyer van die Presbiteriaanse kerk van Amerika en konsultant van NetACT het hier by ons oorgebly en saam het ons bietjie gewerk aan 'n sinvolle kurrikulum vir Teologiese Skole hier in sub-Sahara Afrika. Sy het ook besoek gebring aan ons kerk, die Igreja Reformada em Mocambique se werksaamhede in die veld van HIV en Vigs. Indrukwekkend was ABY se aktiviste en vrywilliger-opleiding wat reeds meer as 60 000 mense in ons sinodale streek opgelei het sedert 2005! Daar is 'n wesenlike gevaar dat

hulle moet sluit weens fondsprobleme, maar die werk sal voortgaan. Marie Smit se groep het haar beindruk met hulle holistiese benadering tot die probleem deur die klem te laat val op die hele familie en op christelike waardes. Bid asb vir hierdie belangrike werksaamhede van die kerk - baie mense word so bereik met die Evangelie.

(Aan die einde van 2007 was daar reeds 33,4 miljoen volwassenes en kinders wat met HIV en Vigs geleef het in sub-Sahara Afrika. 1.4 milj het die jaar aan die pandemie gesterf en 14.1.milj kinders in die streek het een of beide ouers aan die siekte verloor. Drie jaar later is dit seker baie meer. In Mosambiek word bereken dat daar al oor 1,5 miljoen mense daaraan dood is en meer as dit op die oomblik met die virus rondloop. Ons sit reeds met meer as 400 000 wesies en meer as 100 000 geinfekteeerde kindertjies)

Ds. Janet het ook die Ekumeniese kring toegespreek oor die vreeslike gevolge van verkragting. Ek het self eers die afgelope tyd bewus geword van die omvang van oorlog verkragtings (o.a. ook van 'n bekende pastoor se vrou en kinders) in ons omgewing en die gevalle van onlangse verkragtings. Daar word beplan om verdere ondersoek hieroor te doen en dit op te volg met berading. Bid asb hieroor.

EKONOMIESE LYDING

Attie en Anel van der Walt het ons toe kom "bless" met hulle teenwoordigheid. Attie het hard gewerk aan die ouditering van al die boeke en Anel flink aan die opdatumbringing van ons HEFSIBA Webbladsy. In die proses voor die ouditering is daar met skok vasgestel dat een van ons betroubare personeellede geld wederregtelik van studente geneem het. Vir ons almal is dit 'n hartseersaak en die tugverhoor is aan die gang. Attie het aanbevelings gemaak om sulke sake voortaan tot 'n minimum te beperk. Ons hanteer reeds so min moontlik kontant en alle gelde moet direk in die bank inbetaal word. Ons leef egter in 'n gebroke werklikheid en ons personeel wat met "mammon" werk het sekerlik ons beskermende gebede nodig. Ons boeke is in orde gevind en Attie is beindruk met die standaard van ons Zimbabwe-se tesourier, Mnr. Tarisai, se begrip van boekhouding en die PASTEL stelsel.

By ons laaste Finansiele Bestuursvergadering het ons kennis geneem van nuwe donateurs waarvoor ons baie dankbaar is. Van hulle het egter nie aangedui op die inbetalingsstrokie wie hulle is nie en maak dit vir ons moeilik om hulle te bedank - o.a. 'n skenking van R20 000 vir beurse vir 'n studente-egpaar en aandstudent. Weet egter verseker dat u gelde by HEFSIBA veilig is en steeds die beste Koninkryk's belegging is waaraan ons kan dink! Dankie aan al die "ou donateurs" wat voortgaan met hulle bydraes en aftrekorders!

AKADEMIESE LYDING

Die eerste toetsreeks van die studente is verby en veral vir ons groot aantal Eerstejaarstudente was dit 'n skok - hulle het sekere vakke op groot skaal gedruip. Die rede is veral die groot sprong van die Sekondere Skool na 'n Tersiere Inrigting soos ons s'n wat darem bietjie insig ook verwag van hul studente en nie net die weergee van feite nie. Baie van hulle is nou moedeloos, maar ons bemoedig hulle voortdurend. Dit is egter duidelik dat sommige dit eenvoudig nie gaan maak nie... Verder is die woorde van my oud-Griekse proffie natuurlik nog altyd waar: "Die sonde van versuim sal julle agterhaal!"

Petria berig dat sommige van die Eerstejaar buitemuurse studente al bid voor of na die periode - al kom die gebede soms snaaks uit en al word van Hom onmoontlike goed verwag - soos om negatiewe uitslae positiewes te maak!

PERSONEEL NUUS

1. Ds. Aaron Muswubi het pas tergugekeer van 'n besoek aan sy geliefde Vendaland en al die sake wat hy daar moes verrig is gedoen. Die broer se finansiele ondersteuning bly maar 'n probleem en die stituasie benodig ons voorbidding.
2. Ds. Manasse Matiquele, ons Direkteur, gaan DV volgende week na Maputo om HEFSIBA te verteenwoordig by die ere-graad toekenning aan die President's vrou. Hy gaan sommer met Boekwinkels onderhandel oor die aankoop van Teologiese boeke vir HEFSIBA.
3. Ek en Antoinette gaan more na Morgenster in Zimbabwe na die Murray Teologiese Skool daar om betrokke te wees by hulle proses van Kurrikulum Verbetering. Vandaar gaan ons na SA vir my laaste 2 kankerbehandelings en die doop van ons nuutste kleinseun!

NA DIE DOOD IS DAAR LEWE- NA LYDING IS DAAR OORWINNING!

Na die Vrydag van die kruisiging en die dood was daar die opstanding die Sondag! "Jesus leef en ons sal lewe!" Toe ek vandag weer die krag het om voor die klavier te sit en die Oorwinningslied op die klavier uit te tokkel "Ek sien in my gees die glorie en almag van die Heer - die Allerhoogste wat in liefde oor Sy Koninkryk regeer." Toe ek weer in die kombuis die verlange ontwikkel om my vrou so in die agternek te soen – toe weet ek; Daar's lewe na die dood! Daar's oorwinning na lyding!

Mag julle dit hierdie Paastyd ervaar en vier!

HEFSIBA GROETE!

Kruger en Antoinette du Preez

CRISTO ACIMA DE TUDO! CHRISTUS BO ALLES!

Hefsiba - Institute for Christian Higher Education
Vila Ulongue
Mozambique
Tel. +258 25252021
Cell +258 822712012

To read the English version of previous newsletters, follow this link/ Vir afrikaanse weergawes van vorige nuusbriewe volg die volgende skakel: Newsletters

Vinnige skakels: Hefsiba Tuisblad | Geskiedenis van HEFSIBA | Studente van HEFSIBA | Raak betrokke | Vorige Nuusbriewe / Registreer vir Nuusbrief